



# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

6 d

Woensdag, 15 Oktober 1930.

WINDHOEK

Wednesday, 15th October, 1930.

No. 388

## INHOUD.

	Bladsy
<b>Proklamasies —</b>	
No. 204/30 (Unie). Dumpingreg op Rubberhakke uit Duitsland	6683
No. 31. Karakoelskaapboerdery-nywerheid Beskermingsproklamasie 1930	6684
No. 32. Verlegging van Publieke Pad—Keetmanshoop na Namatoni	6684
<b>Goewermentskennisgewings —</b>	
No. 1492/30 (Unie). Wol-uitvoer: Regulasies	6685
No. 1493/30 (Unie). Spesiale Inspeksiefooi op wol vir Uitvoer	6686
No. 1494/30 (Unie). Verpakking en merk van wol: Regulasies	6686
No. 186. Adviserende Raad: Benoeming van Lid	6687
No. 187. Visserye-Regulasies	6687
No. 188. Landraad vir Suidwes-Afrika: Benoeming van Lid	6687
No. 189. Waarnemende Landmeter-Generaal: Benoeming van	6687
No. 190. Skut te Mooifontein, distrik Bethanie: Sluiting van	6687
No. 191. Skut te Gibeon: Benoeming van Skutmeester	6687
No. 192. Munisipaliteit van Keetmanshoop: Bouregulasies	6688
No. 193. Kommissaris van Ede: Benoeming van	6690
No. 194. Klerk van die Hof, Outjo: Aanstelling van	6690
No. 195. Huweliksampenaar: Benoeming tot	6690
No. 196. Skut te Kapps Farm, distrik Windhoek: Sluiting van	6690
No. 197. Rehobothse Padkommissie: Kiesing van Lid	6690
No. 198. Huweliksampenaar: Benoeming tot	6690
<b>Algemene Kennisgewings —</b>	
No. 33. Verandering van Algemene Plan van Windhoek: Sluiting van deel van Sesde Straat	6690
No. 34. Verandering van Algemene Plan van Windhoek: Sluiting van deel van Sperlingslustpad	6691
No. 40. Lys van Maatskappye geregistreer gedurende September 1930	6691
No. 41. Verkiesing van Skoolkomitee 29.11.30.: Verplaasbare Skool No. 14, distrik Grootfontein	6691
No. 42. Verkiesing van Skoolkomitee 29.11.30.: Goewermentsskool te Kub	6691
<b>Tenders —</b>	
No. 12. Tenders vir lewering van skoolbeddens	6691
No. 13. Tenders vir lewering van 300 jaarts linne vir lakens vir die Naturelle-hospitaal, Windhoek	6691
<b>Advertensies —</b>	
Boedelkennisgewings ens., ens.	6692

## CONTENTS.

	Page
<b>Proclamations —</b>	
No. 204/30 (Union). Dumping Duty on rubber heels from Germany	6683
No. 31. Karakul Sheep-farming Industry Protection Proclamation, 1930	6684
No. 32. Deviation of Public Road: Keetmanshoop to Namatoni	6684
<b>Government Notices —</b>	
No. 1492/30 (Union). Export of Wool: Regulations	6685
No. 1493/30 (Union). Special Inspection fee on wool exported	6686
No. 1494/30 (Union). Packing and Marking of Wool: Regulations	6686
No. 186. Advisory Council: Appointment of Member	6687
No. 187. Fisheries Regulations	6687
No. 188. Land Board of South West Africa: Appointment of Member	6687
No. 189. Acting Surveyor-General: Appointment of	6687
No. 190. Pound at Mooifontein, district Bethanie: Disestablishment of	6687
No. 191. Pound at Gibeon: Appointment of Poundmaster	6687
No. 192. Municipality of Keetmanshoop: Building Regulations	6688
No. 193. Commissioner of Oaths: Designation of	6690
No. 194. Clerk of the Court, Outjo: Appointment of	6690
No. 195. Marriage Officer: Appointment as	6690
No. 196. Pound at Kapps Farm, district Windhoek: Disestablishment of	6690
No. 197. Rehoboth Roads Board: Election of Member	6690
No. 198. Marriage Officer: Appointment as	6690
<b>General Notices —</b>	
No. 33. Alteration of General Plan of Windhoek: Closing of Portion of 6th Street.	6690
No. 34. Alteration of General Plan of Windhoek: Closing of Portion of Sperlingslust Road	6691
No. 40. List of Companies registered during September, 1930	6691
No. 41. Election of School Committee 29.11.30.: Itinerant School No. 14, district Grootfontein	6691
No. 42. Election of School Committee 29.11.30.: Kub Government School	6691
<b>Tenders —</b>	
No. 12. Tenders for School beds	6691
No. 13. Tenders for 300 yds of sheeting for Native Hospital, Windhoek	6691
<b>Advertisements —</b>	
Estate Notices, etc., etc.	6692



**PROKLAMASIE**

VAN GENERAAL-MAJOR SY EKSELLENSIE DIE HOOGDELAGBARE DIE GRAAF VAN ATHLONE, RIDDER VAN DIE MEES EDELE ORDE VAN DIE KOUSBAND, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES EDELAGBARE BATHORDE, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN ST. MICHAEL EN ST. GEORGE, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE KONINKLIKE VICTORIA ORDE, RIDDER VAN DIE ONDERSKEIE DIENSORDE, PERSOONLIKE AIDE-DE-CAMP VAN SY MAJESTEIT DIE KONING, HOE KOMMISSARIS VIR SUID-AFRIKA EN GOEWERNEUR-GENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OOR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 204, 1930 (Unie).]

**DUMPINGREG OP RUBBERHAKKE UIT DUITSLAND.**

Nademaal deur artikel *vyftien* van die Doeanetarif en Aksijsrechten Wijzigingswet, 1925 (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, wanneer na ondersoek en rapport deur die Raad van Handel en Nywerheid die Minister van Finansies—

(a) tevrede is dat goedere van 'n klas of soort geproduseer of vervaardig in die Unie uitgevoer is of uitgevoer word na die Unie teen 'n invoerprys wat minder is dan die binnelandse waarde daarvan, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping, en alle andere onkoste in verband met die aan boord bring van die goedere bestem vir uitvoer na die Unie;

en

(b) van mening is dat nadeel daardeur veroorsaak kan word aan 'n nywerheid in die Unie, en dat dit in die publieke belang sal wees om op sulke goedere 'n dumpingreg te hef, kan die Goewerneur-Generaal deur proklamasie in die *Staatskoerant* die klas goedere bekendmaak en verklaar dat een of meer van die dumpingregte genoem in subartikel (2) van die gemelde artikel, en uiteengesit in sodanige proklamasie, op sodanige goedere by invoer in die Unie van 'n land of lande genoem in die proklamasie, gehef sal word.

En nademaal ten gevolge van ondersoek en rapport deur die Raad van Handel en Nywerheid die Minister van Finansies oortuig is dat rubberhakke van 'n klas of soort voortgebring of vervaardig in die Unie, uitgevoer is of word na die Unie uit Duitsland teen uitvoerpryse wat minder is as die binnelandse waarde daarvan, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping, en alle ander onkoste in verband met die plasing van die rubberhakke aan boord skip gereed vir uitvoer na die Unie, en verder van mening is dat skade veroorsaak word deur sodanige oorsaak aan die rubbervervaardigingnywerheid in die Unie deur sodanige invoer, en dat dit in die publieke belang is om 'n "gewone" dumpingreg te hef op rubberhakke uit daardie land;

So is dit dat ek, ingevolge en kragtens die magte my verleen soos voormeld, hiermee verklaar, proklameer en bekendmaak dat vanaf en na die datum van die publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* daar opgelê, gehef, ingevorder en betaal sal word op rubberhakke by invoer in die Unie 'n gewone dumpingreg gelykstaande met die verskil tussen—

(a) die binnelandse waarde (namelik, die markprys waarvoor ten tye van die aankoop daarvan deur die invoerder sodanige of dergelike hakke vir verkoop aangebied word vir verbruik in die land waaruit hulle uitgevoer word na alle kopers in die gewone groot-handel hoeveelhede in die gewone loop van die handel op die vernaamste marke van sodanige land, insluitende die koste van verpakking gewoonlik op daardie marke in gebruik, min enige terugbetaling van regte toegestaan deur die Regering van die uitvoerende land ten aansien van die rubberhakke by uitvoer), plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping, en alle ander onkoste in verband staande met die plasing van die rubberhakke aan boord skip gereed vir uitvoer na die Unie;

en

(b) die uitvoerprys (namelik, die prys vry aan boord waarteen rubberhakke verkoop word deur die uitvoerder aan die invoerder in die Unie);

mits dat sodanige regte nie die helfte van die waarde van die rubberhakke, soos omskryf in artikel *veertien* van die Doeanetarif en Aksijsrechten Wijzigingswet, 1925 (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, oortref nie; en mits sodanige dumpingreg nie opgelê sal word op rubberhakke verskeep na die Unie van Duitsland, voor die datum van publikasie in die *Staatskoerant* van hierdie proklamasie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

**PROCLAMATION**

BY MAJOR-GENERAL HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE THE EARL OF ATHLONE, KNIGHT OF THE MOST NOBLE ORDER OF THE GARTER, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST HONOURABLE ORDER OF THE BATH, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF ST. MICHAEL AND ST. GEORGE, KNIGHT GRAND CROSS OF THE ROYAL VICTORIAN ORDER, COMPANION OF THE MOST DISTINGUISHED SERVICE ORDER, PERSONAL AIDE-DE-CAMP TO HIS MAJESTY THE KING, HIGH COMMISSIONER FOR SOUTH AFRICA, AND GOVERNOR-GENERAL AND COMMANDER-IN-CHIEF IN AND OVER THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 204, 1930 (Union).]

**DUMPING DUTY ON RUBBER HEELS FROM GERMANY.**

Whereas by section *fifteen* of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, whenever after investigation and report by the Board of Trade and Industries the Minister of Finance—

(a) is satisfied that goods which are of a class or kind produced or manufactured in the Union have been or are being exported to the Union at an export price which is less than the domestic value thereof plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment, and all other expenses incidental to placing the goods on board ship ready for export to the Union;

and

(b) is of opinion that detriment from that cause may result to an industry in the Union and that it would be in the public interest to impose in respect of such goods a dumping duty, the Governor-General may by proclamation in the *Gazette* notify the class of goods and declare that one or more of the dumping duties enumerated in sub-section (2) of the said section, and set forth in such proclamation shall be levied upon goods of such class on importation into the Union from a country or countries named in the proclamation.

And whereas in consequence of investigation and report by the Board of Trade and Industries the Minister of Finance is satisfied that rubber heels of a class or kind produced or manufactured in the Union have been or are being exported to the Union from Germany at export prices which are less than the domestic value thereof, plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment and all other expenses incidental to placing rubber heels on board ship ready for export to the Union, and is further of opinion that detriment does result from such cause to the rubber manufacturing industry in the Union by such importation, and that it is in the public interest to impose an "ordinary" dumping duty on rubber heels from that country;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me as aforesaid, I do hereby declare, proclaim and make known that from and after the date of the publication of this my proclamation in the *Gazette* there shall be charged, levied, collected and paid on rubber heels on importation into the Union from Germany an "ordinary" dumping duty equal to the difference between—

(a) the domestic value (viz., the market price at which at the time of purchase thereof by the importer such or similar rubber heels are offered for sale for consumption in the country from which they are exported to all purchasers in the usual wholesale quantities in the ordinary course of trade in the principal markets of such country, including the cost of packages ordinarily used in those markets, less any drawback of duty granted by the Government of the exporting country in respect of the rubber heels on exportation), plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment, and all other expenses incidental to placing the rubber heels on board ship ready for exportation to the Union;

and

(b) the export price (viz., the price free on board at which the rubber heels are sold by the exporter to the importer in the Union);

provided that such duty shall not exceed one-half of the value of the rubber heels as defined in section *fourteen* of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925, as amended, and provided further that such dumping duty shall not be imposed in respect of rubber heels shipped to the Union from Germany prior to the date of publication of this my proclamation in the *Gazette*.

GOD SAVE THE KING.



Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suidafrika te Pretoria op hierdie Dertiende dag van September Eenduisend Negehonderd en Dertig.

ATHLONE,  
Goewerneur-Generaal.

Op las van Sy Eksellensie die  
Goewerneur-Generaal-in-Rade.

C. W. MALAN.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Thirteenth day of September One thousand Nine hundred and Thirty.

ATHLONE,  
Governor-General.

By Command of His Excellency the  
Governor-General-in-Council.

C. W. MALAN.

No. 31 van 1930.]

NADEMAAL dit vir die beskerming van die karakoel-skaapboerdery-nywerheid wenslik is om voorsiening te maak vir die kontrole van die uitvoer van karakoelskape, wat kwaam is om te teel;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen hierby proklameer, verklaar en bekend maak wat volg:—

1. Die Ordonnansie van 1929 betreffende die beskerming van die karakoelskaapboerdery-nywerheid 1929 (Ordonnansie No. 11 van 1929) word hiermee herroep.

2. In hierdie Proklamasie beteken die uitdrukking "karakoelskaap" 'n skaap wie se voorkome aantoon dat hy geheel of gedeeltelik afstam van karakoel stamvaders. Die uitdrukking omvat lammers maar sluit nie hamels in nie.

3. Enige persoon, wat enige karakoelskaap uitvoer, behalwe op grond van die outoriteit van 'n skriftelike permit onderteken deur die Hoofveearts, is skuldig aan 'n oortreding en na skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete van hoogstens eenhonderd pond of, by wanbetaling, aan tronkstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

4. Enige persoon, wat wetende enige valse voorstelling maak in ondersteuning van enige aansoek vir die uitreiking van enige sodanige permit, is skuldig aan 'n oortreding en na skuldigbevinding blootgestel aan die strawwe deur wet voorgeskryf weens die misdaad van meened.

5. Enige persoon, aan wie 'n permit op grond van die bepaling van hierdie Proklamasie uitgereik is, is daardeur nie vrygestel van die nakoming van die bepaling van enige wet vir die voorkoming van siektes onder vee nie.

6. Hierdie Proklamasie kan vir al die doeleindes aangehaal word as die Karakoelskaapboerdery-nywerheid Beskermingsproklamasie 1930 en tree in krag en werking op die eerste dag van November 1930.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my handtekening en seël te Windhoek op hierdie 4de dag van Oktober 1930.

A. J. WERTH,  
Administrateur.

No. 32 van 1930.]

Op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen deur artikel vier van die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 15 van 1927), soos gewysig deur artikel een van die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 10 van 1928), herroep ek hiermee Proklamasie van die Administrateur van Suidwes-Afrika, gedagteken die veertiende dag van Junie 1929 (Proklamasie No. 20 van 1929) en verklaar ek dat die publieke pad, in die eerste kolom van die Bylae van hierdie Proklamasie beskrywe, verlê sal word soos uiteengesit in die tweede kolom van die voormelde Bylae.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my handtekening en seël te Windhoek op hierdie 4de dag van Oktober 1930.

A. J. WERTH,  
Administrateur.

BYLAE.

Beskrywing van Pad.	Omvang van verlegging.
Die pad beskrywe as plaaspad No. 5 in Goewermentskennisgewing No. 74 van die sestiende dag van Mei 1925, wat van Keetmanshoop na Namatoni loop.	Vanaf die aansluiting van distrikspad No. 7 by plaaspad No. 5 op die plaas Gariganus No. 157, soos in Goewermentskennisgewing No. 74 van 16 Mei 1925 beskrywe, omtrent 1 3/4 myle suidelik van die werf geleë en langs distrikspad No. 7 oostelik van die werf verby en verder vir 'n afstand van ongeveer 1 1/2 myle, daarvandaan noordwaarts van distrikspad No. 7 oor die plase Gariganus No. 157 en Klein Spitzkop No. 153 om weer aan te sluit by plaaspad No. 5 op laasgenoemde plaas, ongeveer 1 myl suidwestelik van die werf.

No. 31 of 1930.]

WHEREAS it is desirable for the protection of the Karakul sheep-farming industry to make provision for the control of the export of Karakul sheep capable of breeding;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers vested in me, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. The Karakul Sheep-farming Industry Protection Ordinance, 1929 (Ordinance No. 11 of 1929), is hereby repealed.

2. In this Proclamation the expression "Karakul sheep" means a sheep the appearance of which indicates that it is descended wholly or partly from Karakul ancestors. The expression includes lambs but does not include wethers.

3. Any person who exports from this Territory any Karakul sheep, save under the authority of a written permit signed by the Senior Veterinary Officer, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds, or, in default of payment, to imprisonment, with or without hard labour, for a period not exceeding six months.

4. Any person who knowingly makes any false representation in support of an application for the issue of any such permit shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed by law for the crime of perjury.

5. A person to whom a permit has been issued under the provisions of this Proclamation shall not thereby be absolved from compliance with the provisions of any law for the prevention of disease amongst stock.

6. This Proclamation may be cited for all purposes as the Karakul Sheep-farming Industry Protection Proclamation, 1930, and shall commence and come into operation on the first day of November, 1930.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 4th day of October, 1930.

A. J. WERTH,  
Administrator.

No. 32 of 1930.]

Under and by virtue of the powers in me vested by section four of the Roads and Outspans Ordinance, 1927 (Ordinance No. 15 of 1927), as amended by section one of the Roads and Outspans Ordinance Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 10 of 1928), I do hereby cancel Proclamation of the Administrator of South West Africa dated the fourteenth day of June, 1929 (Proclamation No. 20 of 1929), and declare that the public road described in the first column or the Schedule to this Proclamation shall be deviated as set forth in the second column of the said Schedule.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 4th day of October, 1930.

A. J. WERTH,  
Administrator.

SCHEDULE.

Description of Road.	Extent of deviation.
The road described as farm road No. 5 in Government Notice No. 74 of the sixteenth day of May, 1925, running from Keetmanshoop to Namatoni.	From the junction of district road No. 7 and farm road No. 5 on the farm Gariganus No. 157 as described in Government Notice No. 74 of the 16th May, 1925, situate approximately 1 3/4 miles south of the homestead, and following district road No. 7, passing east of and beyond the homestead for a distance of approximately 1 1/2 miles, thence deviating northwards from district road No. 7 via the farms Gariganus No. 157 and Klein Spitzkop No. 153 to reconnect with farm road No. 5 on the last mentioned farm, approximately 1 mile south-west of the homestead.

Herroeping van Ordonnansie No. 11 van 1929.

Woordbepaling.

Belet om karakoelskape uit te voer, behalwe op grond van 'n permit.

Straf vir valse voorstellings.

Bepalings van wette vir voorkoming van veesiektes nie angetas nie.

Kort tiel en datum van inwerkingtrekking.

Repeal of Ordinance No. 11 of 1929.

Definition.

Prohibition of export of Karakul sheep except under permit.

Penalty for false representations.

Provisions of laws for prevention of stock diseases not affected.

Short title and date of commencement.



## Goewermentskennisgewings.

## Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,  
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Administrateurskantoor,  
Windhoek.

No. 1492 (Unie.)]

[15 Augustus 1930.

## WOL-UITVOER.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal behaag om ingevolge artikel *ses* van die Landbou Voortbrengselen Uitvoer Wet, 1917 (Wet No. 35 van 1917), artikel *drie* van die Wet op Gradering van Landbouprodukte, 1922 (Wet No. 16 van 1922), en artikel *elf* van die Landbou Nywerheids-Bevorderings Wet, 1925 (Wet No. 16 van 1925), die uitvaardiging van die volgende regulasies op die uitvoer van wol goed te keur.

## REGULASIES.

1. Vanaf en na 1 Oktober 1930 sal wol wat vir uitvoer bestem is, onderhewig wees aan 'n inspeksie soos hierna bepaal.

2. (a) Op elke baal of wolpak wat na 1 Oktober 1930 van die Unie uitgevoer word, moet 'n inspeksiefooi van een half-pennie ( $\frac{1}{2}$ d) deur die eienaar of versender van sodanige wol betaal word.

(b) Sodanige fooi moet aan die Spoorweg en Hawens Administrasie betaal word deur die versender wat die reg het om die fooi weer van die oorspronklike eienaar of betrokke produsent in te vorder.

3. Enige inspekteur wat vir doeleindes van hierdie regulasies aangestel word, sal vrye toegang hê tot alle pakhuisse waarin wol wat vir uitvoer bestem is opgebêre word, en die reg hê om die aantal bale wat vir doeleindes van inspeksie nodig is oop te maak.

4. (a) Alle wol wat vanaf die Unie van Suid-Afrika uitgevoer word moet verpak wees in—

juutsakke, bekend as "Die  $11\frac{1}{4}$  lb. baal (nominaal)."

(b) Alle sodanige bale moet duidelik met die naam en adres van die versender gemerk wees.

5. Alleen *blougekleurde* seilgaring of metaalknypers moet gebruik word om die bale of enige snyplekke of gate wat in die bale gemaak is, toe te werk.

As hierdie regulasie nie nagekom is nie, moet die inspekteur daarop aandring dat die seilgaring sorgvuldig verwyder word en die bale weer op die voorgeskrewe wyse op koste van die eienaar of versender of sy agent toegewerk word.

6. (a) Alle wobbale, wat onafgerande vliese bevat, moet duidelik en leesbaar "Onafgerand" gemerk wees. Vir doeleindes van hierdie regulasie sal "onafgerande vliese" beteken vliese waaruit die loks, pens- en stukwol nie verwyder is nie.

(b) Alle bale met "afrandsels" (pens- en stukwol en loks) moet duidelik en leesbaar, volgens die inhoud daarvan, met die volgende letters gemerk wees: CBP of KPS, BP of PS en LOX.

7. As hierdie regulasies nie nagekom word nie moet die eienaar, versender of sy agent alle bale op eie onkoste oormerk.

8. (a) Die inspekteur moet alle bale wol met vreemde materiaal, wat gedurende of na die skeertyd daarin gekom het, afkeur. Sulke bale kan, na herverpakking en verwydering van sodanige vreemde materiaal, weer vir inspeksie voorgelê word.

(b) Herverpakking van bale wat afgekeur is, moet op onkoste van die eienaar of versender of sy agent geskied.

9. Alle merke op bale ingevolge hierdie regulasies moet op die voorkant van die baal geplaas word, en moet bestaan uit letters wat nie minder as een duim hoog is nie.

10. Regulasies wat in Goewermentskennisgewing No. 2246 van 20 Desember 1929 verskyn word herroep vanaf 1 Oktober 1930 en bogenoemde regulasies in die plek daarvan in werking gebring.

The following Government Notices are published for general information.

H. P. SMIT,  
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 1492 (Union.)]

[15th August, 1930.

## EXPORT OF WOOL.

His Excellency the Governor-General has been pleased to sanction the issue, in terms of section *six* of the Agricultural Produce Export Act, 1917 (Act No. 35 of 1917), section *three* of the Agricultural Produce Grading Act, 1922 (Act No. 16 of 1922), and section *eleven* of the Agricultural Industries Advancement Act, 1925 (Act No. 16 of 1925), of the following regulations for the export of wool.

## REGULATIONS.

1. From and after the 1st of October, 1930, wool intended for export shall be subject to inspection as hereinafter provided.

2. (a) On every bale or package of wool exported from the Union on and after the 1st of October, 1930, an inspection fee of one halfpenny ( $\frac{1}{2}$ d.) shall be paid by the owner or consignor of such wool.

(b) Any such fee shall be paid at the time of export to the Railways and Harbours Administration by the consignor, who shall have the right of recovery from the original owner or producer concerned.

3. Any inspector, appointed for the purposes of these regulations, shall have the right of free access to premises in which wool intended for export is stored and to open the number of bales necessary for purposes of inspection.

4. (a) All wool exported from the Union of South Africa shall be contained in—

The jute pack, known as "The  $11\frac{1}{4}$  lb. pack (nominal)."

(b) Each such pack shall be legibly marked with the name and address of the consignor.

5. Only *blue tinted* sewing twine or metal clips shall be used for the sewing up of bales, or any cuts or holes which have been made in bales.

Where this regulation has not been complied with, the inspector shall insist on all sewing twine being carefully removed and bales resewn in the prescribed manner at the expense of the owner or the consignor or his agent.

6. (a) All bales of wool, which contain unskirted fleeces, must be distinctly and legibly marked "Unskirted." For purposes of this regulation "unskirted fleeces" will mean fleeces from which the bellies and locks and pieces have not been removed.

(b) All bales of "Outsortings" (Bellies, Pieces and Locks) must be distinctly and legibly marked according to contents with the following marks: CBP or KPS, BP or PS and LOX.

7. Any re-marking necessitated by non-observance of the regulations shall be done by the owner, consignor or his agent at his own expense.

8. (a) The inspector shall reject any bales of wool which contain foreign matter introduced into the wool during or subsequent to shearing. Such bales may, after repacking and removal of such foreign matter, again be submitted for inspection.

(b) Any repacking consequent upon such rejection shall be done by the owner or consignor or his agent at his own expense.

9. All markings on bales in terms of these regulations shall be placed together on the front of the bale, and shall consist of letters not less than one inch in height.

10. Regulations appearing in Government Notice No. 2246 of the 20th December, 1929, are repealed as from 1st October, 1930, and the above regulations substituted therefor.



No. 1493 (Unie).]

[15 Augustus 1930.

## SPESIALE INSPEKSIEFOOI OP WOL VIR UITVOER.

Aangesien wol 'n landbouprodukt verklaar is deur Proklamasie No. 320 van 1929 vir doeleindes van die Landbouprodukte Uitvoer Wet, No. 35 van 1917, soos gewysig, en aangesien fooie betaalbaar is kragtens regulasies wat ingevolge die genoemde Wet gemaak is gepubliseer is, het dit die Minister van Landbou behaag om kragtens en uit hoofde van artikel drie van Wet No. 16 van 1922 in verband met dieselfde diens 'n spesiale fooi voor te skryf wat aangewend moet word tot die bevordering van die toekomstige produksie van wol.

Die genoemde spesiale fooi sal vanaf 1 Januarie 1930 verskuldig en betaalbaar wees soos hierna bepaal:—

- (a) Vir vetwol sal die genoemde fooi 11½d. per baal wees en vir gewaste wol sal dit 1s. 5½d. wees.
- (b) 'n Baal wol sal vir doeleindes van hierdie regulasies beteken 'n baal wat ten minste 150 lb. bruto weë.
- (c) Vir pakke vetwol, wat minder as 150 lb. bruto weë, sal 'n betaling van 4d. per 100 lb. gewig geëis word. Vir pakette gewaste wol, wat minder as 150 lb. bruto weë, sal 'n betaling van 9d. per 100 lb. geëis word.
- (d) Enige sodanige fooie moet deur die versender tydens uitvoer aan die Spoorweë en Hawens Administrasie betaal word. Die versender het die reg om die geld weer van die oorspronklike eienaar of die betrokke produsent in te vorder.

*Opmerking.*—Goewermentskennisgewing No. 2247 van 20 Desember 1929 word hiermee ingetrek.

No. 1494 (Unie).]

[15 Augustus 1930.

## VERPAKKING EN MERK VAN WOL.

Ingevolge artikel drie van die Wet op Verpakking en Merk van Landbouprodukte, 1930 (Wet No. 6 van 1930), skryf die Minister hiermee die volgende regulasies voor vir die verpakking en merk van wol bestem vir verkoop in die Unie van Suid-Afrika.

## REGULASIES.

1. Vanaf 1 Oktober 1930 moet alle wol, wat verkoop, te koop aangebied of uitgestal word, soos hierna bepaal, verpak en gemerk word.

2. Enige inspekteur wat vir doeleindes van hierdie regulasies aangestel word sal die reg hê van vrye toegang tot premisse waarin wol verkoop, te koop aangebied of uitgestal word en om die nodige aantal bale vir doeleindes van die inspeksie te open.

3. Alle wol bestem vir verkoop in die Unie van Suid-Afrika moet óf in die juutbaal bekend as "die 11¼ lb. baal (nominaal)" óf in mudsakke, wat ookal die geval mag wees, verpak word.

4. Alleen *blou-gekleurde* seilgaring of metaalknypers moet gebruik word om die bale of sakke of enige snye of gate in die bale of sakke mee toe te werk.

As hierdie regulasie nie nagekom is nie, moet die inspekteur daarop aandring dat alle seilgaring sorgvuldig verwyder word en die bale weer, ten koste van die eienaar of die versender of sy agent, op die voorgeskrewe wyse toegewerk word.

5. (a) Die naam en adres van elke verkoper van wol moet leesbaar op elke baal of sak wol bestem vir verkoop gemerk word.

(b) In alle gevalle waar wol deur enige persoon, anders as die produsent of sy agent, oorgepak is vir verkoop, moet die naam en adres van die oorspronklike pakker doodgevee word en die naam en adres van sodanige nuwe pakker moet op 'n leesbare wyse op die baal of sak geplaas word.

(c) In die geval van die weerverkoop van wol moet die name en adresse van vorige verkopers doodgevee word.

6. (a) Alle bale of sakke bevattende onafgerande vliese moet duidelik en leesbaar gemerk wees "Onafgerand." Vir doeleindes van hierdie regulasie sal "onafgerande vliese" beteken vliese waarvan die penswol en loks en stukwol nie verwyder is nie.

(b) Alle bale of sakke bevattende "afrandels" (penswol, stukwol en loks) moet duidelik en leesbaar gemerk wees ooreenkomstig die inhoud met die volgende merke: CBP of KPS, BP of PS en LOX.

7. Waar bale of sakke oorgemerk moet word weens die feit dat hierdie regulasies nie nagekom is nie moet sulks deur die verkoper of sy agent op eie koste geskied.

8. (a) Die inspekteur moet alle bale wol bevattende vreemde materiaal, wat gedurende en na skeertyd in die wol telande gekom het, afkeur. Sulke bale kan nadat dit oorverpak en die vreemde materiaal verwyder is weer vir inspeksie aangebied word.

No. 1493 (Union).]

[15th August, 1930.

## SPECIAL INSPECTION FEE ON WOOL EXPORTED.

Whereas by Proclamation No. 320 of 1929 wool has been declared to be agricultural produce for the purpose of the Agricultural Produce Export Act, No. 35 of 1917, as amended, and whereas fees are payable under regulations made under the said Act, it has pleased the Minister of Agriculture, under and by virtue of section three of Act No. 16 of 1922, to prescribe in respect of the same service a special fee, to be devoted to the promotion of the future production of wool.

The said special fees shall be due and payable as from the 1st January, 1930, as hereinafter prescribed:—

- (a) The said fee shall be at the rate of 11½d. per bale in the case of wool in the grease and 1s. 5½d. in the case of scoured wool.
- (b) For the purpose of this regulation a bale of wool shall mean a bale having a weight of at least 150 lb. gross.
- (c) Packages of wool in the grease weighing less than 150 lb. gross in weight, shall be charged at the rate of 4d. per 100 lb. weight. Packages of scoured wool less than 150 lb. weight shall be charged at the rate of 9d. per 100 lb.
- (d) Any such fees shall be paid at the time of export to the Railways and Harbours Administration by the consignor who shall have the right of recovery from the original owner or producer concerned.

*Note.*—Government Notice No. 2247 of the 20th of December, 1929, is hereby withdrawn.

No. 1494 (Union).]

[15th August, 1930.

## PACKING AND MARKING OF WOOL.

In terms of section three of the Agricultural Products Packing and Marking Act of 1930 (Act No. 6 of 1930), the Minister of Agriculture hereby prescribes the following regulations for the packing and marking of wool intended for sale in the Union of South Africa.

## REGULATIONS.

1. As from the 1st October, 1930, all wool sold, offered, or exposed for sale shall be packed and marked as herein after provided.

2. Any inspector, appointed for the purpose of these regulations, shall have the right of free access to premises in which wool is sold, offered or exposed for sale and to open the number of bales necessary for purposes of inspection.

3. All wool intended for sale in the Union of South Africa shall be contained either in the jute pack, known as "The 11¼-lb. pack (nominal)" or in grain bags, as the case may be.

4. Only *blue-tinted* sewing twine or metal clips shall be used for the sewing up of bales or bags, or any cuts or holes which have been made in bales or bags.

Where this regulation has not been complied with, the inspector shall insist on all sewing twine being carefully removed and bales resewn in the prescribed manner at the expense of the owner or of the consignor or his agent.

5. (a) The name and address of every seller of wool must be legibly marked on each and every bale or bag of wool intended for sale.

(b) In all cases where wool has been repacked for sale by any person other than the producer or his agent, the name and address of the original packer must be obliterated and the name and address of such new packer be placed on the bale or bag in a legible manner.

(c) In the case of the resale of wool the names and addresses of previous sellers must be obliterated.

6. (a) All bales or bags of wool, which contain unskirted fleeces, must be distinctly and legibly marked "Unskirted." For purposes of this regulation "unskirted fleeces" will mean fleeces from which the bellies and locks and pieces have not been removed.

(b) All bales or bags of "outsortings" (bellies, pieces, and locks) must be distinctly and legibly marked according to the contents with the following marks: CBP or KPS, BP or PS and LOX.

7. Any re-marking necessitated by non-observance of these regulations shall be done by the seller or his agent at his own expense.

8. (a) The inspector shall reject any bales of wool which contain foreign matter introduced into wool during and subsequent to shearing. Such bales may, after repacking and removal of such foreign matter, again be submitted for inspection.



(b) Enige oorverpakking tengevolge van sodanige afkeuring moet deur die verkoper of sy agent op sy eie onkoste gedoen word.

9. Alle merke op bale of sakke kragtens hierdie regulasies moet op die voorkant van die baal of sak geplaas word en moet uit letters bestaan wat nie minder as een duim hoog is nie.

No. 186.]

[30 September 1930.

## ADVISERENDE RAAD: BENOEMING VAN LID.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om, ooreenkomstig onderartikel (5) van Artikel sewe van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (No. 42 van 1925), met goedkeuring van Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika, die WelEd. heer HENRY GEORGE SCOTT as 'n lid van die Adviserende Raad in die plek van die WelEd. heer Roderick Russell Cameron, (verplaas), vanaf 1 Oktober 1930 aan te stel.

No. 187.]

[30 September 1930.

## VISSERYE-REGULASIES.

Op grond van en kragtens die bevoegdhede hom verleen by artikel vyf van "De Robbenvangst en Visserijen Proklamasie 1922" (Proklamasie No. 18 van 1922), soos gewysig deur die Robbevings en Visseryewet-Wysigingsordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 1 van 1928), en die Robbevings en Visserye Verdere Wysigings-Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 23 van 1928) het dit die Administrateur behaag om die volgende regulasies te voeg by die regulasies gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 77 gedagteken die 5de dag van Junie 1922 met inwerkingtreding op die eerste dag van Augustus 1931.

## WEGDOEN VAN AFVAL.

12. Dit is 'n oortreding vir enige persoon om of met opset of uit nalatigheid enige kreef onverskillig of dood of lewendig in territoriale waters (behalwe sodanige kreef as genoem is in onderregulasie (1) van regulasie 7 hiervan) of enige kreefafval te gooi of te veroorsaak of toe te laat dat dit gegooi word.

## WOORDBEPALING.

13. Tensy die samehang 'n ander betekenis vereis, het enige uitdrukking, waaraan 'n betekenis deur "De Robbenvangst en Visserijen Proklamasie 1922" (Proklamasie No. 18 van 1922) geheg is, indien in hierdie regulasies gebruik, die selfde betekenis.

No. 188.]

[2 Oktober 1930.

Dit word vir algemene informasie bekend gemaak dat dit Sy Edele die Administrateur behaag het om die benoeming van JOHANNES CHRISTOFFEL JOOSTE as 'n lid van die Landraad vir Suidwes-Afrika goed te keur vir 'n tydperk beginnende vanaf 1 September 1930 tot 31 Maart 1932.

No. 189.]

[4 Oktober 1930.

WAARNEMENDE LANDMETER-GENERAAL—  
BENOEMING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om, ooreenkomstig die voorsienings van Artikel 3 van die Landmeting Proklamasie 1920, vir Mnr. ARTHUR CECIL PARRY te benoem tot Waarnemende Landmeter-Generaal vir Suidwes-Afrika gedurende die afwesigheid op diens van Mnr. A. G. Landsberg, ingaande vanaf 18 September 1930.

No. 190.]

[7 Oktober 1930.

## SKUT TE MOOIFONTEIN, DISTRIK BETHANIE:

## SLUITING VAN.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel twee van Proklamasie No. 5 van 1917, die sluiting van die skut te Mooifontein, in die distrik Bethanie, met ingang vanaf 1 September 1930, goed te keur.

No. 191.]

[7 Oktober 1930.

## SKUT TE GIBEON: BENOEMING VAN SKUTMEESTER.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel twee van Proklamasie No. 5 van 1917, die benoeming van JOHANNES PETRUS HEATH tot skutmeester van die skut te Gibeon, ingaande vanaf 1 September 1930, in die plek van Mnr. van Zyl, wat bedank het, goed te keur.

(b) Any repacking consequent upon such rejection shall be done by the seller or his agent at his own expense.

9. All markings on bales and bags in terms of these regulations shall be placed together on the front of the bale or bag, and shall consist of letters not less than 1 inch in length.

No. 186.]

[30th September, 1930.

## ADVISORY COUNCIL: APPOINTMENT OF MEMBER.

His Honour the Administrator has been pleased, with the consent of His Excellency the Governor-General of the Union of South Africa, and in terms of sub-section (5) of Section seven of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to appoint HENRY GEORGE SCOTT, Esquire as a member of the Advisory Council *vice* Roderick Russell Cameron, Esquire, (transferred), with effect from 1st October, 1930.

No. 187.]

[30th September, 1930.

## FISHERIES REGULATIONS.

Under and by virtue of the powers vested in him by section five of the Sealing and Fisheries Proclamation, 1922 (Proclamation No. 18 of 1922), as amended by the Sealing and Fisheries Law Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 1 of 1928), and the Sealing and Fisheries Further Amendment Proclamation, 1928 (Proclamation No. 23 of 1928), the Administrator has been pleased to add the following regulations, to come into effect on the first day of August, 1931, to the regulations published under Government Notice No. 77 dated the 5th day of June, 1922:—

## DISPOSAL OF OFFAL.

12. It shall be an offence for any person, either wilfully or negligently, to deposit in or cause or allow to be deposited in territorial waters any crayfish whether dead or alive (except such crayfish as are mentioned in sub-regulation (1) of regulation 7 hereof) or any crayfish offal.

## INTERPRETATION OF TERMS.

13. Unless the context otherwise requires, any expression to which a meaning has been assigned by the Sealing and Fisheries Proclamation, 1922 (Proclamation No. 18 of 1922), shall, when used in these regulations, bear the same meaning.

No. 188.]

[2nd October, 1930.

It is hereby notified for general information that His Honour the Administrator has been pleased to approve of the appointment of JOHANNES CHRISTOFFEL JOOSTE as a member of the Land Board for South West Africa for the period commencing as from the 1st September, 1930, to the 31st March, 1932.

No. 189.]

[4th October, 1930.

ACTING SURVEYOR-GENERAL:  
APPOINTMENT OF.

The Administrator has been pleased, under the provisions of Section three of the Land Survey Proclamation, 1920, to appoint ARTHUR CECIL PARRY, Esq., to act as Surveyor-General for South West Africa during the absence on duty of A. G. Landsberg, Esq., with effect from the 18th September, 1930.

No. 190.]

[7th October, 1930.

## POUND AT MOOIFONTEIN, DISTRICT BETHANIE:

## DISESTABLISHMENT OF.

The Administrator has been pleased in terms of Section two of Proclamation No. 5 of 1917, to authorise the disestablishment of the pound at Mooifontein, in the district of Bethanie, with effect from the 1st September, 1930.

No. 191.]

[7th October, 1930.

POUND AT GIBEON: APPOINTMENT OF POUND-  
MASTER.

The Administrator has been pleased in terms of Section two of Proclamation No. 5 of 1917, to authorise the appointment of JOHANNES PETRUS HEATH as Poundmaster of the Pound at Gibeon, *vice* Mr. van Zyl, resigned, with effect from the 1st September, 1930.



No. 192.]

[7 Oktober 1930.

No. 192.]

[7th October, 1930.

Hiermee word bekend gemaak, dat dit die Administrateur behaag het om die onderstaande regulasies, opgetrek deur die Keetmanshoopse munisipale raad kragtens artikel *agtien* van "De Municipale Proklamatie 1920", op grond van artikel *twintig* van "De Municipale Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 22 van 1920), soos gewysig deur artikel *twee-en-taggen-tig* van "De Municipale Wijziging Proklamatie 1922" (Proklamasie No. 1 van 1922) goed te keur.

## MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP.

## BOUREGULASIES.

1. Niemand mag enige gebou oprig of daaraan toevoeg of enige gebou of oprigting verander nie, tensy hy die skriftelike toestemming van die raad eers verkry het.

2. Elkeen, wat voornemens is om 'n nuwe gebou op te rig of daaraan te voeg of om enige gebou of oprigting te verander, moet ten minste agt dae voor die dag, bepaal vir 'n vergadering van die raad, skriftelike kennis van sy voorneme aan die stadsclerk gee en tegelykertyd die volgende stukke in duplikaat instuur:—

- (a) Planne van die voorgestelde nuwe gebou of verandering, geteken na 'n skaal van nie minder nie as een duim op agt voet of een sentimeter op honderd sentimeters, bestaande uit 'n grondplan, die voor- en ander elevasies en die dwars- of lengteseksies. Die genoemde planne moet vergesel wees van 'n spesifikasie, wat die materiaal beskryf, wat vir die voorgestelde nuwe gebou of verandering gebruik moet word, van die beraamde koste of waarde van sodanige nuwe gebou of verandering en van enige ander besonderhede, wat nodig mag wees;
- (b) 'n Plann, waarop aangetoon word die grense van die stuk grond, die ligging daarop van die voorgestelde gebou en toebehorende oprigtings of die toevoegings of veranderings en die posisie van naasliggende geboue, (as daar sodanige is);

Al die planne en spesifikasies moet deur die applikant en kontrakteur onderteken wees.

3. Binne veertien dae vanaf die datum, waarop enige plan en spesifikasie by die stadsclerk ingedien is, moet die raad die applikant kennis gee of die genoemde planne en spesifikasies goedgekeur is of nie.

4. Wanneer 'n plan deur die raad goedgekeur is, moet die oorspronklike planne en spesifikasies aan die applikant teruggegee word, en die duplikaat word deur die raad behou en word die eiendom van die raad. Die goedkeuring van die raad sal van nul en gener waarde wees, as die aldus goedgekeurde werk nie binne twaalf maande begin word nie.

5. Deur die goedkeuring van enige bouplanne aanvaar die raad hoegenaamd geen aanspreeklikheid nie ten opsigte van die tegniese juistheid van die bouplanne, beskrywings, spesifikasies en berekenings wat in verband met die uit te voere bouwerk voorgelê is.

6. Die bepaling van al die vloerhoogtes en die soort van bouargitektuur is onderhewig aan die goedkeuring van die raad en die hellings en hoogtes van bestaande en voorgestelde geboue in die nabyheid, die algemene omgewing en die waarskynlike ontwikkeling van die buurt, moet daarby in aanmerking geneem word. Al die fondamente moet ten minste nege duim hoër as die plaveisel of oppervlakte van die straat wees.

7. Elke persoon, wat meer as een gebou oprig, wat nie onmiddellik aan enige erf of 'n onderdeel daarvan aangrens nie, moet sorg dat 'n oop ruimte tussen sodanige geboue gehou word, as volg:—

- (a) 3 meters ingeval daar geen openings in enigeen van die mure, wat teenoor mekaar staan, is nie;
- (b) 5 meters ingeval een van twee mure, wat teenoor mekaar staan, een of meer openings bevat.

Niemand mag enige gebou oprig nie, die buitemuur waarvan minder as drie meters ver van die grens van 'n erf of enige onderdeel daarvan is, tensy sodanige buitemuur op die grenslyn van sodanige erf of onderdeel opgerig word. Die raad kan hierdie regulasie ten aansien van enige ruimte of afstand volgens sy diskresie verander.

8. Die fondamente van die mure van elke nuwe gebou en van elke toevoeging moet tot bevrediging van die raad massief gebou word.

9. Elke nuwe gebou en elke toevoeging tot 'n gebou:—

- (a) moet voldoende lugdeurgang vir al die ruimtes onder die vloere hê;
- (b) moet met behoorlike dakrande en dakgeute, met reën-waterpype om die water van die dak weg van die fondament van sodanige geboue te lei, voorsien word;
- (c) moet voldoende verlig en geventileer wees;

It is hereby notified that the Administrator has been pleased, under section *twenty* of the Municipal Proclamation, 1920 (Proclamation No. 22 of 1920), as amended by section *eighty-two* of the Municipal Amendment Proclamation, 1922 (Proclamation No. 1 of 1922), to approve of the subjoined regulations made by the Keetmanshoop Municipal Council under section *eighteen* of the Municipal Proclamation, 1920.

## MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP.

## BUILDING REGULATIONS.

1. No person shall erect any building or add to or alter any building or structure without the approval of the Council in writing being first had and obtained.

2. Every person intending to erect a new building or add to or alter any building or structure shall give not less than eight days before the fixed day of meeting of the Council notice in writing to the Town Clerk of his intention so to do and shall, at the same time, deposit with the Town Clerk in duplicate the following:—

- (a) Plans of such intended new building or alteration drawn to a scale of not less than one inch to eight feet or one centimetre to 100 centimetres, consisting of a ground plan, the front and other elevations and cross or longitudinal sections. The said plans shall be accompanied by a specification on the prescribed form describing the materials of which such proposed new building or alteration is to be constructed, the estimated cost or value of such proposed new building or alteration and such other particulars as may be required;
